



Beleid oor Ooptoegangspublikasiefonds

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Hierdie beleid verskaf beleidsriglyne vir die bestuur van die Biblioteek se Ooptoegangspublikasiefonds en vir diegene wat om befondsing uit die Fonds aansoek wil doen.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	6/10/2014
Implementeringsdatum:	6/10/2014
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Viserektor: Leer en Onderrig; Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies
Beleidkurator²:	Senior Bestuurspan: Biblioteek- en Inligtingsdiens
Sleutelwoorde:	Ooptoegangspublikasiefonds, Ooptoegangstydskrifte, Aanlyn publikasies
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.



Beleid oor Ooptoegangspublikasiefonds

1. Ooptoegangspublikasiefonds

Die Ooptoegangspublikasiefonds het tot stand gekom om aan navorsers van die Universiteit Stellenbosch (US) wat in ooptoegangstydskrifte wil publiseer, bystand te verleen. Ooptoegangstydskrifte verwys na eweknie-geëvalueerde vaktydskrifte wat aanlyn gepubliseer word en wat onmiddellik ná publikasie vrylik beskikbaar is.

Die totstandkoming van hierdie fonds is deel van die Biblioteek en die organisasie se groter mandaat om ooptoegangsinisiatiewe te ondersteun, om toegang tot kennis te verbreed, om navorsingsuitsette op alle vlakke in die organisasie te ondersteun en om bystand te verleen met die hantering van die hoë koste van intekeninge op biblioteekmateriaal.

Hierdie dokument verskaf beleidsriglyne vir die bestuur van die Biblioteek se Ooptoegangspublikasiefonds en vir diegene wat om befondsing uit die Fonds aansoek wil doen. Die prosedures wat met hierdie beleid gepaard gaan, word in Bylae A opgeneem.

2. Doelwitte vir die Fonds

Deur beskikbaarstelling van die Fonds poog die Biblioteek om die Universiteit se navorsers met publikasie in ooptoegangstydskrifte te ondersteun. Die doel is om op aktiewe wyse

- die Universiteit se ooptoegangsmandaat te versterk en op sigbare wyse te ondersteun;
- toegang tot die Universiteit se navorsing en kennisproduksie te fasiliteer en bekend te stel;
- navorsingskapasiteit in die organisasie en streek te ontwikkel deur die deel van navorsingskennis en -praktyke;
- nuwe publikasie modelle in akademiese vakkundigheid wat die deel van kennis fasiliteer en toegang tot inligting optimaliseer, te bevorder en te ondersteun. Sodoende bied die Biblioteek ondersteuning aan ooptoegangsuitgewers en om beter metodes vir die verkryging van vakkundige biblioteekmateriaal te fasiliteer;
- aan US-outeurs blootstelling aan oop toegang en al die variasies daarvan te gee;

3. Geskiktheid vir befondsing

- Die applikant wat om befondsing vanuit die Fonds aansoek doen, moet 'n geldige US personeellid wees of tans as student ingeskryf wees. Dit sluit in:
 - Fakulteitspersoneel (akademies of steundienste)
 - Navorsers

- Nagraadse studente (honneurs, meesters, PhD, ná-doktoraal)
- Die applikant mag 'n voormalige personeellid of student van die Universteit Stellenbosch wees wat onder die affiliasie van die Universiteit Stellenbosch publiseer.
- Outeurs wat befonds word moet altyd die Universiteit Stellenbosch as 'n geaffilieerde instansie aandui.
- Slegs artikels wat in die mees onlangse kalenderjaar gepubliseer word, kom vir befonding in aanmerking.
- Applikante wat reeds befonding (bv. toekenning, skenking of fakulteitsbefonding) ontvang het om die publikasiekoste van die spesifieke werk/navorsing te dek, sal nie vir befonding in aanmerking kom nie.
- Applikante wie se artikels vir publikasie aanvaar is in tydskrifte wat deur die Universiteit Stellenbosch uitgegee word en op die Universiteit se SUNJournals platform gehuisves word, kom nie vir befonding in aanmerking nie.
- Die Fonds sal werk ondersteun waar die outeur kopiereg behou en waar die Biblioteek 'n afskrif van die artikel in die Universiteit se ooptoegangsbewaarplek (SUNScholar) kan laat.
- Artikels moet onmiddellik ná publikasie toeganklik wees (geen tydsembargo's nie).
- Die Biblioteekdiens sal ooptoegangspublikasiefooie tot 'n maksimum bedrag per outeur per jaar befonds. Hierdie bedrag sal jaarliks vasgestel word.
- Slegs artikels wat in tydskrifte wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) geakkrediteer is, sal befonds word.
- Die befonding van artikels wat in ongeakkrediteerde tydskrifte sal verskyn, sal aan die goedkeuring van die Dekaan van die Fakulteit onderhewig wees.
- Artikels wat in hibriede/subskripsie tydskrifte sal verskyn, sal nie befonds word nie. Hibriede tydskrifte verwys na tradisionele tydskrifte wat jaarlikse subskripsiefooie hef, maar wat 'n ooptoegang- ("Open Choice"), fooiegebaseerde opsie bied om individuele artikels via oop toegang te publiseer.

4. Soorte uitgawes gedek

Die fonds sal die onderstaande koste of uitgawes dek of subsidieer:

- Outeursfooie of fooie vir die hantering van vakkundige artikels vir publikasie in ooptoengangs-, eweknie-geëvalueerde vaktydskrifte.
- Institusionele ledegelde vir lidmaatskap van ooptoengangsuitgewers soos BioMed Central en Public Library of Science (PLoS).

5. Soorte inhoud

Soorte inhoud wat moontlik met behulp van die Ooptoengangspublikasiefonds befonds kan word, sluit in eweknie-geëvalueerde vaktydskrifartikels, monografieë en voordragte.

Die Directory of Open Access Journals (DOAJ) sal gebruik word om 'n publikasie se ooptoengangsgeldigheid na te gaan en te evalueer.

6. Toegang tot gepubliseerde materiaal

Artikels wat deur die Ooptoegangspublikasiefonds befonds moet word, moet geen toegangsbeperkings hê nie (tydelike embargo's of ander bepalinge).

Met publikasie van die befondsde artikel word verwag dat die hoofrespondent wat om befonding aansoek doen, 'n afskrif van die gepubliseerde artikel in die Biblioteek se institusionele bewaarplek (SUNScholar) sal argiveer.

Voorkeur sal verleen word aan artikels wat in tydskrifte wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geakkrediteer is, gepubliseer word.

7. Bestuur van die Fonds

Die bestuur en eienaarskap van die Ooptoegangspublikasiefonds is die algehele verantwoordelikheid van die Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens. Dit sluit in verkryging van fondse vir die Ooptoegangspublikasiefonds.

Goedkeuring van aansoeke, kommunikasie met applikante, verslagdoening oor die fondsaktiwiteite, naspoor van resultate en bemerking of uitreikingsaktiwiteite om vir die fonds reklame te maak, word deur die Biblioteek se Direkteur: Tegniese Dienste en Elektroniese Bronnebestuur gekoördineer. Dit sluit in die opstel of redigering van beleide, prosedures, prosesse en nagaan van aansoeke.

8. Mede-outeurskap: Samewerking met skrywers buite die US

Die Fonds ondersteun samewerkende navorsing en outeurskap. In die geval van mede-outeurskap met outeurs van buite die US, kan US-outeurs aansoek doen vir hulle deel van die outeurs- of publikasiefooie. Die Fonds sal slegs die pro rata-gedeelte van die outeursfooie vir US outeurs ondersteun.

(Sien Bylae A (punt 3b) hieronder vir vergoeding van pro rata-befonding)

9. Bywerking van hierdie beleid

Hierdie beleid moet gereeld herevalueer word wanneer publikasie- en toegangsmodelle verander en as opsies vir oop toegang vermeerder. Die Biblioteek sal op 'n gereelde basis vasstel of die huidige publikasie-opsies en modelle ooptoegangspublikasie fasiliteer en die huidige aanwindsdoelstellings van die Universiteit en Biblioteek ondersteun of nie. Dit sal op 'n gereelde basis evalueer of die fonds, op 'n breër vlak, die doelstellings van oop toegang ondersteun of nie.

Goedgekeur deur die Biblioteekkomitee van die Senaat op 04 Mei 2012

Opedateer en goedgekeur deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens se Senior

Bestuurspan op 30 April 2013

Opgedateer en goedgekeur deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens se Senior Bestuurspan op 10 Junie 2014

Bylae A:

Prosedures vir die Ooptoegangspublikasiefonds

1. Indien van 'n aansoek

Outeurs wat om befondsing aansoek doen, kan die aansoekvorm vir die Ooptoegangspublikasiefonds voltooi en dit aanlyn, via e-pos of interne pos, of per faks instuur na:

Ilse de Lange
Hoof: Bestelafdeling
E-pos: idl@sun.ac.za
Tel: 021 808 4874
JS Gericke Biblioteek

Aansoekvorms en inligting omtrent die aansoekproses is op die Biblioteek se webtuiste (<http://library.sun.ac.za>) beskikbaar.

2. Goedkeuring van aansoeke

Nadat 'n aansoek deur die Biblioteek ontvang is, sal die onderstaande keuringsprotokol gevolg word.

- Die volle aansoek word vir geldigheid nagegaan (fooië aangevra, soort inhoud, beperkings op toegang ens.)
 - Die Vaktydskrif se ooptoegangsgeldigheid word teenoor die DOAJ-lys nagegaan.
 - Die outeurs word nagegaan vir geskiktheid en institusionele affiliasie.
- Die Hoof: Bestelafdeling gaan die bevinding, saam met die volle aansoek, na en neem die finale besluit. Hierdie besluit word geneem in konsultasie met die Direkteur: Tegnieese Dienste en Elektroniese Bronnebestuur soos en wanneer benodig.
- Die besluit of die aansoek suksesvol was al dan nie word per e-pos deur die Hoof: Bestelafdeling aan die hoofapplikant/respondent gekommunikeer.
- Die hele aansoekkeuringsproses neem ongeveer 5 werksdae.

3. Betaling

Betaling sal slegs geskied nadat die betrokke artikel vir publikasie aanvaar is en indien die outeur die uitgewer se bewys van aanvaarding aan die Biblioteek voorgelê het.

- a) Betaling van artikels geskryf deur US outeurs alleenlik (nie saam met outeurs van ander instansies geskryf nie)

Ná goedkeuring van die aansoek om befondsing kan die Biblioteek:

i) Die toepaslike fondse direk aan die uitgewer van die betrokke ooptoegangsartikel oorbetaal.

- Ná suksesvolle verwerking en goedkeuring van die aansoek om befondsing sal die applikant 'n faktuur of betaalopdrag wat deur die betrokke uitgewer aan die Universiteit uitgereik is vir betaling van die betrokke artikelfoie, aan die Biblioteek verskaf.
- Die Biblioteek sal die besonderhede op die faktuur/betalopdrag nagaan om te verseker dat die betaling met die aansoek ooreenstem.
- Die Biblioteek betaal die uitgewer direk via kredietkaart of per faktuur (waar uitgewers nie kredietkaartbetalings aanvaar nie).

Of

ii) Vergoed die outeur vir die toepaslike foie wat deur die outeur aan die betrokke uitgewer betaal is, in die geval waar die toepaslike outeursfoie deur die outeur(s) betaal moet word voordat daar om befondsing aansoek gedoen kan word.

- Vergoeding geskied in die vorm van 'n regstellende joernaalinskrywing (soos aanbeveel deur Universiteit se Afdeling Finansies) en word deur die Biblioteek se Hoof: Finansies en Administrasie voltooi. Hierdie regstellende joernaalinskrywing is 'n oordrag van die uitgawe (betaling van artikelfoie) van die hoofrespondent/-outeur se departementele fonds na die Biblioteek se Ooptoegangspublikasiefonds. Die besonderhede van die betaling teen die betrokke kostepunt/rekening moet deur die applikant verskaf word om die regstellende joernaalinskrywing moontlik te maak.

Of

iii) Waar befondsing van Biomed Central (BMC)-artikels betrokke is, sal die Biblioteek, ná goedkeuring van die aansoek, aan die hoofapplikant die betrokke BMC-institusionele kode verskaf om die artikel aan BMC voor te lê binne die bestek van die Biblioteek se institusionele lidmaatskap.

b) Betaling van artikels deur US-outeurs met mede-outeurs van ander instansies geskryf:

Soos hierbo aangedui, waar artikels saam met outeurs van ander instansies geskryf word, sal die Fonds slegs bystand verleen met die pro rata-gedeelte van die outeursfoie vir US-outeurs.

Ná goedkeuring van die aansoek vir befondsing kan die betrokke US-outeurs die volle publikasiefouti direk aan die uitgewer betaal. Hulle mag bewys van betaling van outeursfoie vir die artikel voorlê. Die Biblioteek sal die eweredige deel van die outeursfoie, in die vorm van 'n regstellende joernaalinskrywing vergoed, wat oordrag van die uitgawe (of deel van 'n uitgawe) van die hoofrespondent/-outeur se departementele fonds na die Ooptoegangspublikasiefonds is.

In die geval waar die outeur nie in staat is om die volle bedrag aan die uitgewer te betaal nie, sal die Biblioteek 'n uitsondering maak. Ná ontvangs van 'n skriftelike versoek van die hoofrespondent/-outeur, en nadat befondsing goedgekeur is, mag die Biblioteek besluit om die volle publikasiefooi direk aan die uitgewer van die betrokke ooptoegangsartikel te betaal. Die Biblioteek sal daarna die eweregde gedeelte aan hom verskuldig by wyse van 'n regstellende joernaaltransaksie eis, wat 'n oordrag van die uitgawe vanaf die Biblioteek se Ooptoegangspublikasiefonds na die hoofrespondent/-outeur se departementele fonds beteken.

Belangrik: Outeurs wat uitgewersfooi betaal alvorens hulle ooptoegangsfonds aansoek goedgekeur is moet asseblief daarop let dat die verskaf van befondsing via die Ooptoegangspublikasiefonds nie gewaarborg is nie. Befondsing is afhanklik van die beskikbaarheid van fondse.

4. Befondsingsvlakke

Die Biblioteek behou die reg voor om, te eniger tyd, die maksimum perk vir befondsing van outeurs te verhoog of te verlaag ten einde te verseker dat soveel outeurs moontlik die Fonds kan gebruik.

Goedgekeur deur die Biblioteekkomitee van die Senaat op 04 Mei 2012

Opedateer en goedgekeur deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens se Senior Bestuurspan op 30 April 2013

Opedateer en goedgekeur deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens se Senior Bestuurspan op 10 Junie 2014